Graad 11

Die Cape Town Holocaust & Genocide Centre is opgewonde om die 8 eenhede van die Graad 11 KABV (CAPS) aan te bied soos volg:

Idees van Ras in die laat 19de en 20ste eeu – *Wat was die gevolge toe die pseudo-wetenskaplike idees van Ras 'n integrale deel van regeringsbeleid en wetgewing gevorm het in die 19de en 20ste eeu?*

Gevalle studie: ***Australië*** *en die Australiese Inboorlinge;* ***Nazi-Duitsland*** *en die* ***Holocaust.***

Eenheid 4

Gevalle studie: Australië

In hierdie eenheid sal jy oor die volgende leer:

- Australië se rassistiese en eugenetiese beleid in die laat 19de en vroeë 20ste eeu.

- **In die 19de eeu het die vroeë koloniseerders van Australië die Inboorlinge uitgedryf van hul land.**
- **Hulle het die Inboorling – kinders gesteel en as gedwonge arbeid gebruik.**
- **Die geweld en siektes, as gevolg van hierdie ontworteling, het die dood van baie Inboorlinge veroorsaak en so het die getalle afgeneem. Die Sosiale Darwiniste het volgens hulle hierna as 'n natuurlike proses verwys en dit as voorbeeld gebruik van "oorlewing van die sterkstes" verwys.**

Die koloniseerders het in die vroeë 19de eeu die Inboorlinge fisies van hulle land verwyder. Inboorlinge beteken die mense wat die oorspronklike inwoners van 'n land is.

Die Inboorlinge van Australië was van hulle land op 'n baie wrede, hartelose manier verwyder. Hul kinders was deur die koloniseerders gesteel en gebruik as slawe. Die Inboorlinge was blootgestel aan vrees en wreedaardigheid. Hierdie gemeenskappe is gevestig in oorbevolkte kampe, wat tot die verspreiding van siektes gelei he. Baie Inboorling het gesterf en getalle het skerp gedaal.

Met die vinnige daling in die getalle van Inboorlinge, het die Sosiale Darwiniste beweer: "Dit is 'n voorbeeld van wat ons as die natuurlike proses van oorlewing van die sterkstes beskou. Die wat kan oorleef sal voortbestaan en die swakkes sal uitsterf!''

Onthou hoe ons in Module 1 genoem het dat regerings baie keer pseudo-wetenskap gebruik om hulle aksies te regverdig. Die Australiese koloniale regering het hulle wrede, onmenslike beleid verdedig deur die pseudo-wetenskap van Sosiale Darwinisme as feitlik te beskou.

Ras teorie, Sosiale Darwinisme en Eugenetika lei daartoe dat Inboorlingkinders geskei word van hul families

Koloniseerders glo, nie-inheemse Australiërs is van hoogstaande beskawing en dat Inboorling- gemeenskap minderwaardig was

So… hoe sou hulle Australië "Wit" hou?

Die beleid, waar Inboorlingkinders van hul families en gemeenskappe verwyder is, was 'n gevolg van die invloed en beoefening van die ras teorie, Sosiale Darwinisme en Eugenetika (waarvan jy in die voorafgaande eenheid geleer het).

Hierdie beleid is wetlik beoefen deur die koloniale regering wat geglo het dat die intrekkers van Engeland, Ierland, Wallis en ander lande in Noord-Europa van 'n verhewe afkoms en beskawing was. Die Inboorlinge en hul kultuur is as minderwaardig beskou.

Dit was, volgens die koloniseerders, dus logies dat die Europeërs die reg gehad het om die Inboorlinge te regeer, gebaseer op die pseudo-wetenskappe van ras, Sosiale Darwinisme en Eugenetika.

Dit is ook belangrik om te verstaan dat die koloniseerders Australië se inwoners wou ''wit'' maak en hou – hulle wou geen Inboorlinge in die land hê nie.

Hoe sou hulle dié doel bereik?

Immigrasie:
"Wit Australiese" beleid

Om Australië ''wit'' te maak, was twee regeringsbeleide gewettig. Die eerste een was dat slegs ''blankes'' na Australië kon immigreer. Hierdie wetlike beleid was vir baie lank toegepas, en is eers in 1973 afgeskaf. Dit was die eerste skakel van hulle vertolking en toepassing van Eugenetika.

Wat was die tweede skakel?

"Biologiese Opname": "Teel swart uit"

Aangesien Australië se Inboorlinge, wie se velkleur nie ''wit'' was nie, *alreeds* daar woonagtig was, moes die regering addisionele beleid wettig om Australie ''wit'' te maak en te hou. Hulle het besluit om die ''swart'' mense te absorbeer in die ''wit'' bevolking deur die ''swartheid'' uit te teel. Verwys na die terminologie in die eenheid oor Eugenetika.

Volgens die koloniseerders, indien jy ''swart'' mense met ''wit'' mense teel, dan sou al hulle afstammelinge wit wees…

Kom ons kyk hoe hulle beplan het om dit te doen .

Die baster is verstandelik verhewe bo die Inboorlinge en dit is die staat se plig dat hulle die geleentheid gebied moet word om 'n beter lewe as hul moeders te lei. Ek sou nie vir een oomblik huiwer om die baster van hul Inboorling-moeder te skei nie, ongeag hoe bedroef hulle mag wees. Hulle vergeet baie gou hul kinders.''

(James Isdell, die Hoof-beskermheer van die Inboorlinge, Perth, 1909)

Bogenoemde paragraaf is 'n uittreksel van die aanbevelingsbrief van James Isdell (Hoof-beskermheer) vir die beleid om Australië ''wit'' te maak en te hou. ''Wit'' mense het geglo dat hulle in beheer was van die Inboorlinge, verantwoordelik was vir hul beskerming en hulle kon voorsê wat om te doen. Hierdie beleid was gewettig in 1909, gebaseer op die behandeling van die ''basters''.

Wat het hierdie term beteken in Australië gedurende hierdie tydperk? Dit het beteken dat iemand wat 'n Inboorling ouer en 'n ''wit'' ouer het, 'n baster genoem was. Kyk na die uittreksel:

"Die baster is verstandelik verhewe bo die Inboorlinge en dit is die staat se plig dat hulle die geleentheid gebied moet word om 'n beter lewe as hul moeders te lei. Ek sou nie vir een oomblik huiwer om die baster van hul Inboorling-moeder te skei nie, ongeag hoe bedroef hulle mag wees. Hulle vergeet baie gou hul kinders.''

Hierdie woorde, 'n primêre hulpbron, is geskryf deur die Hoof-beskermheer en illustreer die benadering teenoor die Inboorlinge. Eerstens, omdat iemand ''half-wit'' is, is hulle outomaties as intellektueel verhewe bo die Inboorling beskou. Tweedens, die Inboorling moeder, volgens James Isdell, sou nie verdriet ondervind nie, aangesien Inboorlinge net eenvoudig van hul kinders sou vergeet. Hy het van Inboorlinge gepraat asof hulle soos katte was wat klein katjies gehad het en sodra jy een wegneem, die kat daarvan vergeet. Die denkwyse was dat die Inboorlinge nie rêrig menslik was soos ''wit'' mense nie, en indien jy die Inboorling uitteel deur afparing met ''wit'' mense, dat almal uiteindelik ''wit '' sou wees.

Laat ons kyk hoe dit prakties toegepas was.



Moeder Nr.1

Baster: Ierse-Australiese Vader, Inboorling moeder

Kleinseun

Oktaroon kleinseun: Vader Australies of Iers afkomstig, sy moeder is Nr. 2

Moeder Nr.2

Kwadroon dogter: Vader is Skots-Australies, haar moeder is Nr. 1

Dit raak nou ingewikkeld. hierdie pseudo-wetenskaplike idees is so waansinnig dat dit moeilik is om te verduidelik. Dit maak glad nie sin nie!

Die dame met die geblomde bloes en baadjie is Moeder nr. 1. Haar ouers was ‘n Inboorling-moeder en ‘n Iers– Australiese vader. Met ander woorde, Moeder nr. 1 se ma was ‘’swart‘’ en haar pa was ‘’wit‘’. James Isdell en ander Australiërs beskou haar as ‘’baster‘’. Moeder nr 1 raak groot en gee later geboorte aan ‘n dogter, wie se vader van Skotse afkoms is. Haar dogter is Moeder nr.2, wie se ouers ‘n ‘’baster’’ moeder en ‘n ‘’wit’’ vader is.

Moeder nr.2 raak groot, en gee geboorte aan ‘n seun, wie se pa Iers-Australies is. Hierdie seun het ‘n ‘’wit’’ vader en ‘n ‘’kwadroon‘’ moeder. Hy word bestempel as ‘n ‘’oktaroon Inboorling’’, aangesien net een van sy agter-grootouers ‘’swart’’ is.

Die Australiërs het geglo dat indien hierdie proses deurgaans beoefen word – waar die seuntjie uiteindelik ‘n kind by ‘n ‘’wit’’ vrou sou hê, en hulle kinders net met ‘’wit’’ mense sou ‘’teel’’, daar uiteindelik geen ‘’swart’’ mense sou bestaan nie.

- **Velkleur was ‘n kwessie in Australië, dat ‘’swart‘’ uitgeteel word deur ‘’wit’’ bloed.**
- **Wetsbeleid van slegs ‘’wit’’ immigrasie in 1973 afgeskaf.**
- **Verskille tussen hierdie gevalle-studie en Nazi-Duitsland.**
- **In Duitsland moes jy ‘’suiwer Duitse bloed‘’ hê, anders word jy nie Duits beskou nie.**
- **As jy van “gemengde” afkoms was, is jy besoedeld en mag nie die ‘’suiwer Duitse bloed’’ besmet nie.**

Velkleur was die beslissende faktor in Australië. Die regering wou ‘’swartheid‘’ uitteel deur die oorheersing van ‘’wit’’ bloed. Indien jy die inhoud van die voorafgaande eenheid verstaan het, sal jy onthou dat bloed nie as ‘’wit’’ of ‘’swart’’ bestempel kan word nie. Elkeen van ons se bloed is rooi, ongeag die kleur van ons vel.

Dis uiters belangrik om te verstaan dat daar ‘n besliste verskil tussen Australiese eugenetiika en Duitse eugenetiese beleid was.

Die gevalle studie van Nazi-Duitsland is baie belangrik vir Suid-Afrikaners, aangesien ons ‘n direkte konneksie met daardie geskiedenis het. ’n Verduideliking sal verskaf word in die opeenvolgende eenhede.

In Duitsland moes jy ‘’suiwer Duitse bloed’’ hê, andersins sou jy nie as Duits beskou word nie. Die Nazi’s het ten volle geglo in die suiwerheid van bloed, en as jy nie ‘’suiwer’’ Duits was in hulle oë nie, was jou bloed beskou as besoedeld. Daar was ook geen manier om dit ‘’uit te teel‘’ nie – jy moes eenvoudig vernietig word,

Ons kyk meer hierna in die volgende eenheid.

VRAE

1. Watter beleide is deur die Australiese regering geskep en gevolg om Australië ‘’wit‘’ te hou?
2. Verskaf ‘n opsomming, in jou eie woorde, hoe Sosiale Darwinistiese beginsels opgeroep en toegepas is in Australië in die 19de en vroeë 20ste eeu.
3. In jou eie woorde, beskryf kortliks hoe die beginsels van Eugenetika aangewend is in die 19de en vroeë 20ste eeu.
4. Onthou dat alle lande se geskiedenis uniek is. In hierdie konteks identifiseer en reflekteer twee ooreenstemminge wat jy kan vind tussen Australiese beleid, soos gedek in die eenheid, en die regeringsbeleid van die apartheidstelsel in Suid-Afrika.

ADDISIONELE HULPBRONNE

Cape Town Holocaust & Genocide Centre: http://ctholocaust.co.za/
Cape Town Holocaust & Genocide Centre YouTube: https://www.youtube.com/channel/UCwVBUs5VqvsumuwDdzYIAaQ
Caught up in a scientific racism designed to breed out the black: https://www.smh.com.au/national/caught-up-in-a-scientific-racism-designed-to-breed-out-the-black-20080214-gds108.html
Killing Without Murder: Aboriginal Assimilation Policy as Genocide: https://preserve.lehigh.edu/cgi/viewcontent.cgi?article=1002&context=cas-lehighreview-vol-13